



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-08-21

Liewe Ouers




KOOP-'n-AFRIKAANSE-BOEKDAG 2026

Hierdie dag was hierdie jaar op Vrydag 14 Augustus. Vir dié ouers wat nog nie 'n boek gekoop het nie, kom maak 'n draai by *The Book Box* se uitstalling en bederf jou kleuter met 'n Afrikaanse kinderboek.

Hulle gaan op die Klein Lochieland perseel op Dinsdag en Woensdag van 07:10 -08:30 en van 12:00-14:30 uitstal.

LENTEDAG: DINSDAG 1 SEPTEMBER

Kom ons ondersteun die graad 7-klasse met hierdie fondsinsameling. Betaal voor Vrydag 28 Augustus R10-00 vir u kleuter op die D6 in en op Lentedag ontvang hy/sy 'n roomys wat by hul klas afgelewer word.



LOSLITDAG: VRYDAG 4 SEPTEMBER

Ons wil graag hierdie jaar weer die Loslitdag-projek ondersteun. Die fondse wat ons insamel sal aan Rusthof Skool vir leerders met Spesiale Onderwysbehoefte in die Strand gaan. Die tema hierdie jaar is "BEAT AS ONE" As daar kreatiewe ouers is wat die tema verder wil neem en hulle kleuters daarvolgens wil aantrek, is hulle welkom! Die plakkers se kostes beloop R20 en moet voor-af op die D6 toepassing inbetaal word, asb. Alle gelde moet asb. voor of op Dinsdag 1 September betaal wees sodat hulle die korrekte hoeveelheid plakkers kan verskaf. Kom ons ondersteun hulle, asb.



AFRIKAANS 101: SPRINGMIELIES en SUPERSTERRE

Alle konsertgelde moet nou reeds betaal wees en jou kleuter se gemerkte hanger moet ook reeds by die skool wees.

Konsertoefeninge vorder baie mooi en ons is opgewonde oor die konsert wat voorlê. Hierdie is 'n groot mylpaal in elke Lochie se loopbaan by Klein Lochieland. Die feit dat u vier tot sesjarige kleuter op 'n verhoog voor 600 toeskouers optree is van onskatbare waarde vir hul ontwikkeling. Kom ons bemoedig die kleuters en geniet die konsert deur die oë van u kleuter!

Kaartjieverkope gaan hierdie jaar op Quicket plaasvind. Ouers kan **eers vanaf Maandag 24 Augustus om 08:00** by die meegaande skakel ingaan en hul kaartjies boek vir die konsert:

[https://www.quicket.co.za/events/382440-afrikaans-101-springmielies-supersterre/](https://www.quicket.co.za/events/382440-afrikaans-101-springmielies-supersterre#/)

Let wel: Maak seker dat u die korrekte getalle en die korrekte aand boek. Kaartjies kan nie soos in die verlede omgeruil word nie. Quicket stuur per e-pos die bewys wat u dan op u selfoon kan laai, of u kan dit uitdruk en in harde kopie wys. Kaartjies gaan by die deure geskandeer word.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:
Ons persepsies is:

GROENTE en VRUGTE

Getal: **Hersiening**
Klank: **Hersiening**
Vorms: **Hersiening**

Assessering:

Rangorde: Eerste tot agste
Ontwerp eie patroon
Versamel en sorteer voorwerpe
Teken en interpreteer 'n grafiek
"Lees" hoë frekwensiewoorde
Sing liedjies en rympies en voer bewegings uit
Beginklanke: Ouditief en visueel
Spring oor 'n swaaiende tou

Maandag	24 Augustus:	Ons teken en interpreteer 'n grafiek
Dinsdag	25 Augustus:	Ek skep my eie patroonraam en teken myself waar ek waat-lemoen eet
Woensdag	26 Augustus:	Juffrou Annemarie (Bytjieklass onderwyseres) verjaar. Baie geluk!

Donderdag 27 Augustus: Ons oefen almal om 08:00 saam in die saal: Wees betyds, asb.
Vrydag 28 Augustus: Ons oefen almal om 08:00 saam in die saal: Wees betyds, asb.

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:
Ons persepsies is:

HIGIËNE en KIEME
Getal: **6**
Klank: **g-klank**
Kleur: **Pers**
Vorm: **Ovaal**

Maandag 24 Augustus: Ons verf kieme
Dinsdag 25 Augustus: Kyk hoe was ons handel!
Woensdag 26 Augustus: ***Juffrou Annemarie (Bytjieklass onderwyseres) verjaar. Baie geluk!***
Donderdag 27 Augustus: Ons oefen almal om 08:00 saam in die saal: Wees betyds, asb.
Vrydag 28 Augustus: Ons oefen almal om 08:00 saam in die saal: Wees betyds, asb.

Geniet die naweek

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel